

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 54: Vzot HaBarachah – Hier Volg Die Seëninge.

Hierdie is die seën waarmee Moshe, die man van God, die seuns van Yisra'el geseën het voor sy dood. Deut. 33:1.¹

Torah: Deut. 33:1 tot 34:12.

Haftorah: Josua 1:1 tot 18.

Nuwe Verbond: Matth. 17:1 tot 9; Mark. 9:2 tot 10; Luk. 9:28 tot 36; Judas 3, 4, en 8 tot 10.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 54 wat afgelaai kan word by: [Parashah54Notas14](#) en [Parashah54Notas15](#) en [Parashah54notas16](#).

Sin does not become righteousness because it is accepted by the majority.

The past is your lesson and the present is your gift, but the future is your motivation!

The greatest test of whether the holiness we profess to seek or to attain is truth and life will be whether it produces an increasing humility in us. In man, humility is the one thing needed to allow God's holiness to dwell in him and shine through him. The chief mark of counterfeit holiness is lack of humility. The holiest will be the humblest – Andrew Murray.

A little light somewhere makes a brighter Light everywhere – Anonymous.

Dare to take a good look at the priorities in your life and be strong enough to make the necessary changes, holding onto the standard of YHVH's Word – Anonymous.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by gerrie@padwlewe.ch gekontak word of telefonies by 074 361 2134

Torah Bespreking

Hersiening

Van die laaste woorde van Moses aan Israel was in die vorm van 'n profetiese lied en hierdie lied moes aan die kinders van Israel geleer word (Deut. 31:19 tot 22).

Moses sluit hierdie profetiese lied af met die woorde wat ook aan elkeen van ons gerig is, naamlik:

46 “Gee ag op al die woorde waarmee ek julle vandag waarsku, wat julle vir jul seuns moet beveel om versigtig na te kom, al die woorde van hierdie wet, *47* want dit is nie 'n leë woord vir julle nie, inderdaad is dit julle lewe en deur hierdie woord sal julle jul dae verleng in die land waarheen julle deur die Yarden trek, om dit te besit. Deut. 32:46 en 47.

Ons word ook gewaarsku om ag te gee op die woorde van die nuwe verbond en om dit vir ons nageslag ook te leer om dit nougeset na te kom. Hierdie is nie leë (ydele) Woorde van YHVH nie, want elkeen wat dit nougeset gehoorsaam sal deur die onverdiende guns in Yeshua 'n lang en geseënde lewe hê!

Aan die einde van die Torahsiklus lees ons hoe Moses die twaalf stamme van Israel seën voordat hy sterf en deur YHVH self begrawe word.

5 Moshe, die dienskneg van יהוה, het daar gesterf, in die land van Mo'av, volgens die woord van יהוה. *6* Hy het hom in die vallei, in die land van Mo'av, oorkant Beit-P'or, begrawe, maar niemand ken die plek waar hy begrawe is, tot vandag toe nie.

Vertroue en Getrouheid

Moses se lewe is die bewys van die vrug van vertroue in YHVH en getrouheid aan YHVH.

Alhoewel Moshe een honderd en twintig jaar oud was toe hy dood is, was sy oog nie dof nie en sy fisiese krag en gesondheid het nie afgeneem nie. Deut. 34:6.

Moses was nog “jonk” genoeg, en hy het nog die fisiese krag en gesondheid gehad, om Israel tot in die Beloofde Land te bring! Maar hy het berus by die wete dat hy nie dié een is om Israel te lei om die Beloofde Land in besit te neem nie. Hy het berus by die wete dat YHVH vir Josua gekies het om YHVH se plan te voltooi. Moses se lewe het getuig van: “Nie my wil nie, maar U wil!”

Maar miskien is die belangrikste getuienis van Moses se lewe dat YHVH hom van aangesig tot aangesig geken het (Deut. 34:10)! Tot en met Yeshua se koms was daar nie nog 'n profeet en leier (koning) van Israel soos Moses nie! Moses was waarlik die sinnebeeld van Yeshua!

Moses is ook 'n voorbeeld van die “geloofsreuse” van die Tanakh soos in die brief aan die Hebreërs uiteengesit word, naamlik diegene wat gesterf het sonder om die beloftes te ontvang.

13 In vertroue is hulle almal dood, sonder om die beloftes te ontvang, maar hulle het dit op 'n afstand gesien en hulleself daarin verheug en het erken dat hulle vreemdelinge en nomades op aarde is *14* want die wat sulke dinge sê, wys dat hulle vir hulle 'n stad soek. *15* As hulle na dié stad waaruit hulle weggetrek het, gesoek het, was daar vir hulle tyd om weer daarheen terug te gaan, *16* maar nou is dit duidelik dat hulle na 'n beter een verlang; na dit wat in die

hemel is; daarom skaam God Hom nie vir hulle om hulle God genoem te word nie, want Hy het vir hulle 'n stad voorberei. Heb. 11:13 tot 16.

Aangaande Moses se lewe som die skrywer van Hebreërs dit soos volg op:

24Deur vertrou het Moshe, toe hy grootgeword het, geweier om die seun van Farao se dogter genoem te word. 25Hy het vir homself verkies om in droefheid saam met die mense van God te wees, eerder as om vir 'n kort tydjie sonde te geniet 26en die belediging van Die Gesalfde Een groter rykdom geag as die skatte van Mitzrayim, want hy het gefokus op die uitbetaling van die beloning. 27Deur vertrou het hy weggegaan uit Mitzrayim, sonder om bang te wees vir die woede van die koning, want hy het uitgehou soos een wat God, die Onsienlike, sien. 28Deur vertrou het hy die Pesag gehou en die bloed gesprinkel sodat hy wat die eersgeborenes vernietig het hulle nie kon aanraak nie. 29Deur vertrou het hulle deur die Sufsee gegaan soos oor droë grond terwyl die Mitzrayimiete, toe hulle dit gewaag het, ingesluk is. Heb. 11:24 tot 29.

Moses het 'n sleutelrol gespeel in YHVH se plan van die vervulling van die belofte aan Abraham van die Beloofde Land wat sy nageslag in besit sou neem. Hy was die een wat Israel van die slawejuk van Egipte bevry het, en hulle gebring het tot by die Jordaanrivier waar Josua die leierskap oorgeneem het om Israel tot in die Beloofde Land te neem.

Deur vertrou sien ons ook op 'n afstand die belofte van die Millennium en verheug onself daarin, en erken ons ook dat ons vreemdelinge en nomades op aarde is. Ons verlange is nie na die aardse nie, maar na die hemelse!

So ook is Yeshua gekies om YHVH se plan van herstel te voltooi. Yeshua het deur sy folterdood en opstanding ons uit die slawerny van sonde bevry. Hy is die Manna wat ons in die wildernis van hierdie lewe voed en Hy is ons Koning, Hoofpriester en Profeet wat ons lei om die Hemelse Koninkryk in besit te neem om volgens die Torah van die nuwe verbond Sy Koninkryk te verkondig en te vestig tot en met die wederkoms!

Die dood van Moses was nie net die einde van Israel se swerftog in die wildernis nie, maar ook die begin van die lewe volgens Torah in die Beloofde Land! Daarom is beide Moses en Josua ook 'n sinnebeeld van Yeshua Messias. Moses kan vergelyk word met die eerste koms van Yeshua en Josua met die wederkoms van Messias.

YHVH se Torah soos dit in Yeshua vervul is, naamlik die Melgisédék Torah (Torah van Yeshua), is die 'grondwet' van die ware Israel – van elkeen wat bely dat Yeshua die Messias is en dus die genade tot versoening met YHVH is! Hierdie Melgisédék-grondwet is in ons verstand gegee en op die tafels van ons harte geskryf (Heb. 8:1 tot 13).

Hierdie is die evangelie (die goeie boodskap) wat aan Abraham en sy nageslag wat in die wildernis was, verkondig was:

God het van voor dít af geweet dat die ander nasies deur vertrou onskuldig verklaar sou word voordat aan Avraham die goeie boodskap verkondig is, soos die afgesonderde Skrifte sê: "In jou sal al die nasies geseën word. Gal. 3:8

want aan ons is die goeie boodskap ook verkondig presies net soos aan hulle, maar die boodskap het die hoorders nie gebaat nie omdat dit by die hoorders nie gekombineer is met vertrou nie. Heb. 4:2.

Die Torah van Moses – die geskrewe wet – was nie die evangelie wat aan Abraham en sy nageslag in die wildernis verkondig was nie. Nee, aan Abraham se nageslag in die wildernis was verkondig ‘n evangelie soos Paulus dit in 1 Kor. 10:1 tot 4 beskryf:

My broers, ek wil hê dat julle moet weet dat ons vaders almal onder die wolk was en almal deur die see gegaan het, almal deur Moshe ingedoopt is in die wolk en in die see, almal dieselfde geestelike kos geëet het en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit ‘n geestelike Rots wat saam met hulle was en die Rots was Die Gesalfde Een.

Hulle almal het van dieselfde geestelike kos geëet as wat ons vandag mee gevoed word, en hulle het almal uit dieselfde geestelike Rots gedrink as wat ons vandag van drink, naamlik Yeshua Die Gesalfde Een.

Maar ons moet ook luister na die waarskuwing wat die skrywer van Hebreërs aan ons almal, veral in hierdie tye, rig!

⁶Hierdie dinge is ‘n voorbeeld vir ons dat ons nie begerig moet wees na boosheid soos hulle begeer het nie ⁷en ook nie dienaars van afgode moet wees soos sommige van hulle was nie; soos geskrywe is: “Die mense het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel.” ⁸Laat ons ook nie seksueel immoreel wees soos sommige van hulle seksueel immoreel was en daar op een dag drie en twintig duisend geval het nie. ⁹Laat ons ook nie Die Gesalfde Een toets soos sommige van hulle getoets het en slange hulle vernietig het nie. ¹⁰Ons moet ook nie kla soos sommige van hulle gekla het en deur die vernietiger vernietig is nie. ¹¹Al hierdie dinge het gebeur as voorbeeld vir ons en is opgeskryf as ‘n waarskuwing aan ons, want die einde van die wêreld het by ons aangekom. ¹²Van nou af, elkeen wat dink dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie. 1Kor. 10:6 tot 12

Bepeins of Bespreek

1. Ons elkeen is ‘n stukkie van YHVH se legkaart en elke stukkie dra by tot ‘n voltooide geheel van YHVH se plan van herstel. Is jy en ek beskikbaar (bereid) om deur die Legkaartbouer gebruik te word. Onthou: Ons is dikwels slegs die katalisator wat die reaksie aan die gang sit. Ons is daardie stukkie legkaart wat dit moontlik maak dat ander die groter prentjie kan sien of verstaan waar hulle stukkie van die legkaart moet inpas. Is jy tevrede met jou rol in YHVH se plan van herstel? Berus jy daarin dat dit wat jy begin het moontlik deur iemand anders voltooi word?
2. Moses se nalatenskap is ‘n geestelike nalatenskap vir alle geslagte. Wat is jou en my nalatenskap aan ons kinders en kleinkinders? Wat is die belangrikste? Ons geestelike nalatenskap of ons materiële nalatenskap?

‘n Nuwe Begin

Moses was ‘n heenwysing na en ‘n sinnebeeld van Yeshua Messias en Moses het van Yeshua geskryf (Joh. 5:46). Dit word in Yeshua se gesprek met die Emmausgangers bevestig:

Hy het begin om vanaf Moshe en al die profete vir hulle uit al die Skrifte, die dinge wat op Hom betrekking het, deeglik te verduidelik. Luk. 24:27.

Terwyl al die gebeure van die vyf boeke van Moses nog “vars in ons geheue” is, blaai ons terug na Genesis 1 en lees ons van die “nuwe” skepping – ‘n “nuwe” hemel en aarde en die mens geskape na die beeld en gelykenis van YHVH. Ons leer weer, asook meer, van ons voorvaders Abraham, Isak en Jakob en van Israel die uitverkieste en afgesonderde volk van

YHVH. Hy wat saam met Moses aan die einde van sy aardse lewe was, is ook teenwoordig aan die begin. Hierdie patroon is vir ewig gevestig.

Die einde is ook die begin, want saam met YHVH is die einde altyd 'n nuwe begin soos YHVH se Bestemde Tye van getuig. *Shemini Atzeret* is die byeenkoms op die Agste Dag – die dag na die 7 dae van Sukkot (Fees van Tabernakels). Dit word beskou as die “afsluitingsfunksie” waar YHVH die “Gasheer” is (soos by elk van YHVH se Vasgestelde Tye). Die syfer 7 spreek van volmaak en voltooi en 8 spreek van 'n nuwe begin (Ex. 22:30; Lev. 9:1; Lev. 12:3; Lev. 14 10 en 23). Die Agste Dag kondig die einde en die begin aan. Dit is 'n herinnering dat YHVH se Feestye en Sy Torah 'n sirkel is – dit het nie 'n begin nie en ook nie 'n einde nie. Dit is soos 'n spiraal wat ons met elke siklus na 'n hoër vlak van insig in die Lewende Woord en intimiteit met die Vader neem.

YHVH is die Alef (Alfa) en die Tav (Omega) – die Tav is nie die einde nie, maar die nuwe begin (Alef). Hy is die Lewende Torah, Yeshua Messias, die Woord wat van ewig af daar was en sal wees! Die Gesalfde Een is die eerste en die laaste en Johannes beskryf hierdie waarheid soos volg in Open. 1:17 en 18.

¹⁷Toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan Sy voete en Hy het Sy regterhand op my gelê en vir my gesê: “Moenie bang wees nie, want Ek is die Eerste en die Finale ¹⁸en die Lewende en Ek was dood en let op, Ek leef vir tydlose ewigheid. Dit is waar. Ek het die sleutels van Sh'ol en van die dood. Open. 1:17 en 18.

Laat ons elke dag ons geestelik versadig met YHVH se Torah – Sy liefdevolle onderrig, instruksies en wysheid soos dit in Yeshua vervul is – want dit is so soet en genesend soos heuning! Laat ons met vrymoedigheid ons Vader se Torah leef en verkondig as geregverdigdes in Yeshua ons Messias!!

¹Toe het Hy vir my gesê: “Seun van 'n mens, eet wat jy vind; eet hierdie boekrol en gaan praat met die huis van Yisra'el.” ²Ek het my mond oopgemaak en Hy het my dié rol gevoer.

³Hy het vir my gesê: “Seun van 'n mens, voed jou maag en vul jou liggaam met hierdie boekrol wat Ek vir jou gee.” Toe het ek dit geëet en dit was soet soos heuning in my mond.

Eseg. 3:1 tot 3.

En laat ons elke dag ons vreugde vind in YHVH se Torah soos dit in Yeshua vervul is:

¹Gelukkig is die man wat nie lewe volgens die raadgeewing van die wetsoortreders of staan op die pad van die sondaars of vertoef in die geselskap van spotters nie, ²maar sy vreugde is in die wet van יהוה en hy deurdink Sy wet dag en nag. ³Hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by 'n waterstroom, wat sy vrugte gee op hulle tyd, waarvan die blare nie afval nie en alles wat hy doen, is voorspoedig. ⁴So is die wetsoortreders nie, maar soos kaf wat die wind wegwaai; ⁵daarom sal die wetsoortreders nie beoordeel word in die oordeel van, of die sondaars in die vergadering van die regverdiges nie, ⁶want יהוה ken die lewenswyse van die regverdiges, maar die lewenswyse van die wetsoortreders sal vergaan. Ps. 1:1 tot 6.

Bepeins of Bespreek

1. Moses was 'n sinnebeeld van Yeshua as koning en profeet en Aäron 'n sinnebeeld van Yeshua as hoofpriester. Soos Moses en Aäron vir Israel volgens Torah 'regeer' het, so moet Yeshua as Koning, Profeet en Hoofpriester in ons alledaagse lewe regeer. YHVH se Torah soos dit in Yeshua vervul is, is die 'grondwet' van die ware Israel! Is hierdie 'grondwet' in jou hart geskryf om elke dag daarvolgens te lewe?

Slotgedagte

Aan die einde van die jaarlikse siklus van die Torahskriflesings wil ek elkeen aanmoedig om die volgende “profetiese” woord ter harte te neem (Bron is onbekend):

You are Called to be a Reformer

You are a generation called to be reformers. You are a reforming generation. You are here because YHVH marked you. You are here because you are a difference maker. There is something in your DNA that cannot accept status-quo or business as usual or things as they are.

You will never fit in the box or be marked as normal. Deep in your heart you know you are called to change things – to rock the boat.

You love God, but hate religion. When you taste Him, it only makes you hungry for more. You have God cravings. You crave His presence, but you loathe the average church service.

You refuse to let the world around you shape or define you. When you dream it is about the impossible. When you see pain you know you are called to heal it. When you see adversary, you do not fear it because you measure it against YHVH. You are dangerous to evil, because your life is not your own.

To live in Yeshua, to die is gain.

You wonder why you are so strange, so different. When others want to party, you want to pray. When they laugh you weep. When they dance you mourn. You will never fit into the typical societal niche, because you are a reformer.

You won't live for fame and would never lower your goal to be rich or famous. You want to be like Abraham, Moses, Joshua, David and Esther.

Bullets do not scare you, but mediocrity scares you. Indifference scares you. Losing your life do not scare you, but wasting your life does.

You already died, so you are free!

Is jy en ek ‘n hervormer? Jy en ek is geroep om ‘n postiewe verandering te bewerkstellig en om dit vreesloos te doen!

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom – vrede, vreugde, voorspoed, gesondheid en vergenoegdheid!

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.